

ST. HILDEGARD VAN BINGEN

17 SEPTEMBER

(1098-1179)



Waar begin mens om dié uitsonderlike vrou te beskryf: abdis, kunstenaars, skryfster, komponis, mistikus, digteres, prediker, teoloog, geneeskundige! Op 18-jarige leeftyd word sy 'n non en raak gou bekend toe haar biegvader haar opdrag gee om die visioene wat sy ervaar het neer te skryf. Pous Eugenius III lees dit en moedig haar aan om verder te skryf. In haar visioene het sy mense gesien as 'vonke' van God se liefde, wat soos daglig van die son af kom. Sy kon duidelik die harmonie wat daar tussen God en alle wesens en die natuur bestaan raaksien, asook hoe die sonde dié harmonie versteur het. Later skuif sy haar kloostergemeenskap na Bingen, by die Rynrivier. In die jaar 2012 het pous Benedictus XVI haar tot Kerkleeraar verklaar.